**Wat leer die Nuwe Testament oor besittings?**

**Prof. GDS Smit**

**2014**

Vandag word die vraagstuk van die mens en sy verhouding ten opsigte van die ekonomie in die sekulêre besigheidswêreld bloot empiries benader. Met ander woorde die mens en sy ekonomie word ondersoek vanuit die geskiedkundige feite van sy wording, sy groei en sy huidige toestand met betrekking tot sy/haar behoeftes. As die huidige toestand van die mens met betrekking tot die ekonomie vanuit spesifieke empiriese beginsels beredeneer word, ontstaan die vraag: wie se beginsels word toegepas en waar vind ons die grond van so 'n beginsel? Behoort so 'n vraagstuk vir die Calvinistiese mens nie gegrond te word in die leer van die Skrif en die beginsels wat daaruit vloei nie? Inderdaad was daar en is daar steeds gelowiges wat die ekonomiese toestand van die mens met beginsels vanuit die Skrif wil beredeneer. Om dié rede is dit belangrik dat ons ondersoek instel oor die prinsipiële waardes in die Skrif ten opsigte van die mens en sy besittings. Hier word slegs gelet op enkele belangrike waardes in die lig van die Nuwe Testament.

Die eerste vraag wat in die gedagte opkom wanneer die ekonomie van die moderne mens ondersoek word, is: waarom word ekonomiese goedere vervaardig? Die antwoord is vir die sekulêre mens voor-die-hand-liggend, naamlik om die lewe te verryk, te vergemaklik en menslikerwys te verleng. Dit is verder vir hulle 'n "vooruitsien" om voorsiening te maak vir die onsekerhede van die toekoms. Hierin word reeds vir die gelowige mens 'n probleemarea blootgelê: behoort alles nie aan God nie en moet alles (ook die ekonomie) nie uiteindelik sy grond vind in die eer van God, soos Romeine 11:36 leer nie?

Met die koms van die Koninkryk van Christus, word ook die ekonomiese wette van die Ou Testament vervul en derhalwe is dit belangrik om te vra: wat leer die Nuwe Testament oor die gelowige se verhouding ten opsigte van die ekonomie en finansies?

Die kenmerkende van die mens is dat hy besorg is oor die toekoms en derhalwe voorsiening wil maak vir die dag van môre. Natuurlik was geld en besittings en ekonomiese vryheid glad nie 'n vreemde onderwerp in die Nuwe Testament nie en trouens ook nie in die hele Bybel nie.

Iemand het op 'n tyd gemeld dat 16 van die 38 gelykenisse wat Jesus vertel het direk of indirek oor geld of besittings gaan. Dink aan die gelykenisse van:

i. Die skat in die hemel (Mt. 13:44)

ii. Die kosbare pêrel (Mt. 13:45 – 56)

iii. Ou en nuwe skatte (Mt. 13:52)

Het u al agtergekom dat die Nuwe Testament meer dikwels oor geld en besittings praat as oor die hemel en hel saam? Het u geweet dat vir elke vers wat oor gebed handel, daar vyf verse is wat oor geld en besittings handel? Het u geweet dat vir meer as 500 verse wat oor gebed en geloof gaan, daar amper 2000 verse is wat oor geld en besittings gaan? Die Bybel het dus baie te sê oor geld en besittings.

Die sekulêre wêreld se argument waarom ‘n mens besorg sou moes wees oor die stand van die ekonomie is omdat die mens moet beplan vir die toekoms. Niemand kan beplan as daar onsekerheid en wisselvalligheid in die ekonomie is nie. Mens sou nie kon stry nie. Beplanning is ook nie vreemd aan die Skrif nie. God laat niks aan die toeval oor nie, maar beskik en voorsien in sy genade. Derhalwe kan die burger van sy Koninkryk niks aan die “toeval” oorlaat nie.  Maar soms word die mens so vasgevang in die net van weelde en besittings, dat hy ‘n versamelaar in plaas van ‘n bestuurder van goedere word. Sommige dink hoe meer hulle het hoe beter gaan dit met hom/haar, en hoe minder hulle het hoe slegter gaan dit.

In die lig van die mens se beheptheid met ekonomiese sekerheid, wat dikwels maar eintlik neerkom op ‘n sug na uitspattigheid, wil ek graag net 3 belangrike beginsels uit die Nuwe Testament ten opsigte van die mens en finansies uitlig:

**EEN: God besit alles.**

Aan wie behoort alles? As ons die bogenoemde gelykenisse (Mt. 13:44-56) as voorbeelde neem, kan ons dié vraag maklik beantwoord: aan die Meester, dit is God. Die diensknegte het net die verantwoordelikhede van die man se besittings gedra. Dit was nie hulle eiendom nie. So het die diensknegte baie gehad, maar niks besit nie. Die implikasie is dat God, aan wie alles behoort, die reg het om te gee en te neem soos Hy wil. Hy kan besittings gee, en Hy kan besittings wegneem en die mens het nie die reg om daaroor opstandig te raak nie. Alles wat ons het, behoort aan God. Ek is niks meer as ‘n bywoner op God se aarde nie. Lees ons Mt. 25:21, dan besef ons dat ons lewe op aarde net tydelik is. God gebruik hierdie tyd om ons voor te berei op die ewige lewe. Hierdie gelykenis se klem lê ook op die terugkoms van die heer. Maar terwyl ons op aarde is, gebruik God ons geld en besittings as ‘n gereedskapstuk, ‘n toets en ‘n getuienis. God gebruik armoede en rykdom om ons iets te leer, nie om te frustreer nie. God wil ons leer om tevrede te wees met ons omstandighede en dankbaar te wees vir sy genade.

**TWEE:  Die hoeveelheid is nie belangrik nie.**

Die oorgrote meerderheid mense in die eerste eeu was ongeletterd en finansieel ook baie arm. Minder as 10% van die antieke bevolking kon lees en skryf, terwyl rykdom weer in ’n baie klein groepie stedelike elite, soos die aristokrasie, godsdienstige leierskorps en militêre hoofde, se hande gekonsentreer was. Om iets vir jouself en jou gesin bymekaar te kry ter wille van oorlewing, het beteken dat die “gewone man” hard moes werk en sy belange moes beskerm deur vriende te maak met die regte mense. Dit is voor-die-hand-liggend dat rykdom vir mense belangrik was in ‘n wêreld waarin niemand na iemand anders omsien tensy jy belangrik is nie. Huweliksonthale en feeste was perfekte geleenthede vir families om hulle rykdom aan die gemeenskap ten toon te stel deur aandag te gee aan spesifieke klere, versierings, musiek, vermaak en kos. Die verkryging van rykdom, het eer meegebring. As eer simbolies gesetel is in die rykdom van ‘n familie, word armoede gesetel in die verlies van rykdom, hetsy die verlies van grond, familie of besittings. As ons egter let op Mattheus 25:21-23 is dit duidelik dat die hoeveelheid besittings nie in die oë van God te make het met die mens se eer en waardigheid nie. Inteendeel: dit is God wat die gawes gee en daarom is die hoeveelheid nie

vir Hom belangrik nie. Ja, of ons baie of min het, dit kom alles van die Here. So gee die Here ook vir ons genoeg om van te lewe. Dink byvoorbeeld wat die Here ons leer in Mattheus 6:11 – *"gee ons vandag ons daaglikse brood"* en wat in die Heidelbergse Kategismus so verduidelik word: *"Wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam sodat ons daardeur erken dat U die enigste oorsprong is van al wat goed is, en dat ons sorg en arbeid, sowel as u gawes, sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie, en dat ons dus ons vertroue van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel"* (So. 50 v+a 125)

**DRIE: Barmhartigheid is 'n kenmerk van die verloste mens**

God gee gawes nie sodat ons in staat moet wees om die lewe te geniet en spandabelrig te leef nie: Hy gee gawes om ons in staat te stel om dié wat nie het nie, by te staan. 2 Korinthiërs 8:1-15 stel die beginsel vir barmhartigheid binne die Christelike gemeenskap. Die aard van die barmhartigheid in die kerk stel die egtheid van die liefde op die proef, leer die apostel in vers 8. Volgens verse 13-14 is barmhartigheid nie daarop gerig om die gemeente te verdruk nie, maar juis om verligting aan almal te bring. Volgens 1 Timotheus 5:8 het ons 'n roeping om vir ons huisgenote te sorg en ons oor hulle te ontferm - *"Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige"* en verder word ons ook beveel om sorg te dra vir die behoeftige huisgenote van die geloof (ons mede-gelowiges) - *"Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof"* (Gal. 6:10).

**Samevatting:**

Hoewel ons hier slegs op enkele beginsels uit die Nuwe Testament kon let ten opsigte van die mens en die ekonomie, is dit duidelik dat die Nuwe Testament ons heelwat oor die hantering van besittings en finansies leer. Hoewel ons in moeilike tye leef en ons in die lig van die Skrif 'n verantwoordelikheid het om ook te beplan vir die onvoorsiene toekoms, moet ons nooit uit die oog verloor dat God vir ons sorg nie. Ons Here Jesus leer ons: *"Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies"* (Mt. 10:29-31) en weer *"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad"* (Mt. 6:31-34).